Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 3: *Lech L'cha* (לך לך) Jy, Gaan jy!

יהוה *het vir Avram gesê: "Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys…* Gen. 12:1 – PWL[1]

Torah: Gen. 12:1 tot 17:27

Haftorah: Jes. 40:27 tot 41:16.

Hernieude Verbond: Matt. 1:1 tot 17; Hand. 7:1 tot 8, Rom. 4:1 tot 25; Gal. 3:1 tot 29; Heb. 7:1 tot 19; Heb. 11:8 tot 12.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 3 wat afgelaai kan word by: Parashah3Notas14 en by Parashah3Notas15.

Abraham is without doubt the most influential person who ever lived. Today he is claimed as the spiritual ancestor of 2.4 billion Christians, 1.6 billion Muslims and 13 million Jews, more than half the people alive today. Yet he ruled no empire, commanded no great army, performed no miracles and proclaimed no prophecy. He is the supreme example in all of history of influence without power – Boaz Dryer, Parshah Lech Lecha.

Midrash (Torah Bespreking)

Ons parashah begin met die woorde: *YHVH het vir Abram gesê*.... Hoekom kommunikeer YHVH met Abraham? Wat het Abram meer as enige ander persoon gedoen dat YHVH hom gekies het? Torah gee nie vir ons 'n antwoord op hierdie vrae nie en ons word grootliks gelaat om on eie afleidings te maak.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Daarom kan ons wel vra: Is dit YHVH wat Abram gekies het of is dit Abram wat YHVH gekies het? Die moontlikheid bestaan dat YHVH se roepstem oor die hele aarde uitgegaan het en dat Abram die enigste was wat bereid was om sy lewe ten volle aan YHVH oor te gee en alles te doen wat YHVH hom beveel het. Abram het ‘n keuse gemaak! Abram het YHVH gekies!

So het elke mens tot vandag steeds die keuse. Abraham is ons voorbeeld van die keuse wat ons moet maak. Hy is ons vader van die geloof, naamlik vertroue in YHVH en getrouheid aan YHVH.

En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham. Gal. 3:8 en 9.

Bepeins of Bespreek

1. Het ons die geloof (vertroue in YHVH en getrouheid aan YHVH) van Abram. Is jy en ek bereid om ook soos Abraham YHVH te volg sonder om vooraf te weet waarheen die Vader ons gaan lei en wat Hy vir ons beplan? Sal ons ook soos Abraham bereid wees om dit wat vir ons die kosbaarste is aan YHVH te offer?

   Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as ‘n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

   Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer. Heb. 11:8 en 17.

2. *There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true* – Soren Kierkegraad. Mense sal dikwels oor die waarheid struikel, opstaan en hulself afstof om met die leuen verder voort te gaan!

3. *YHVH does not want intellectual converts. He wants committed disciples* – Yedidah. Geloof (vertroue) is nie ‘n intellektuele besluit nie, maar ‘n oortuiging wat met gepaste handeling gepaard gaan.

4. Moet ‘n persoon gesag en aansien hê om ander te beïnvloed? Om gesag en aansien te hê dra wel by tot die invloed wat ‘n persoon het, maar die grootste invloed is dit wat jy sê en en veral dit wat jy doen! Onthou: *Abraham is the supreme example in all of history of influence without power!!* Die basis van Abraham se verrykende invloed was geloof in, en gehoorsaamheid aan YHVH-God. Wat sê jy en wat doen jy om ander te beïnvloed?

Gen. 12:1 – Jy, Gaan Jy!

Vanaf Adam tot Noag is dit 10 geslagte en van Noag tot Abraham is dit 10 geslagte. Volgens Hebraïsme is die getal 10 die numeriese waarde van die letter *yod* waarvan die piktogram ‘n arm met hand is. Die getal 10 is dus simbolies van die arm (hand) van YHVH, maar ook van orde en voltooiing (afhandeling). Dit dui daarop dat ‘n punt van groot erns en omvang bereik is – ‘n punt van verandering! Na die eerste 10 geslagte was dit YHVH se oordeel. Na ‘n verdere 10 geslagte is dit die begin van YHVH se volk – ‘n volk uit wie die Verlosser as die Lam van God sal kom.

Die geskiedenis van Abraham begin na die Toring van Babel wat ook die begin van alle vorme van afgodery was. Regdeur die Skrifte word Babilon met afgodery en morele verval

verbind. Babilon is ook ‘n sinnebeeld van die Nuwe Wêreldorde wat die Boom van Lewe verwerp. Dit is teen hierdie agtergrond wat die geskiedenis van Abraham begin!

Volgens die gelykenis van die onkruid (Matt. 13:24 tot 30) kan Abraham vergelyk word met die goeie saad wat gesaai word en Nimrod, en dus Babilon, as die onkruid (draboksaad) wat tussen die koring gesaai word. In die groeifase lyk drabok net soos koring en dit is slegs ‘n kenner wat die onderskeid kan maak. Die saad (die vrug) van drabok bevat egter ‘n susmiddel. Daarom is afgodery soos ‘n susmiddel wat mense geestelik laat goed voel en wat hulle verhinder om die waarheid van YHVH se Woord en die stem van Afgesonderde Gees te hoor!

Nimrod, die argitek van Babilon, is ook die eerste sinnebeeld van die Anti-messias. Sy naam beteken *rebel* of *die een wat rebeleer.* Teen wat het Nimrod gerebeleer? In Gen. 10:8 lees ons dat *Nimrod was **‘n geweldenaar** op aarde*. Volgens Hebreeuse denke beteken dit *to be in your face*. Nimrod het teen YHVH gerebelleer! Hy wou sy eie heerskappy en koninkryk vestig. Hy het YHVH se genade in sy Skepper-God se gesig terug gegooi!

Abram moes dus wegtrek uit Ur van die Chaldeërs (antieke Babilon) waar afgodery aan die orde van die dag was. Volgens Jos. 24:2 was Abram se vader, Tera, ‘n afgodsdienaar. Abram het dus groot geword in ‘n huishouding gekenmerk deur afgodery. Babilon beteken *verwarring deur vermenging*, asook *mengsel,* en daarom moes Abram uit die geestelike verwarring van sinkretisme (vermenging van YHVH se Woord met afgodery van ander godsdienste) kom.

Die geskiedenis van Abraham dien dus as herinnering dat ons ook geroep is om ‘te trek’ (om uit te kom) uit ‘n omgewing van sinkretisme waar YHVH se Woord van Waarheid met afgodery besoedel is. Ons is dus ook geroep om, indien nodig, *uit ons vader se huis en uit ons familie te gaan* na die ‘Beloofde Land’ van Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua Messias vervul is. Dit dien as herinnering aan die volgende Skrifgedeeltes:

Gaan weg uit Babel, vlug weg van die Chaldeërs! Verkondig met jubelklank, laat dit hoor, bring dit uit tot by die einde van die aarde! Sê: YHVH het sy kneg Jakob verlos. Jes. 48:20

Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek YHVH; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; 2 Kor. 6:17

En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Open. 18:4

Babilon is ook ‘n sinnebeeld van die boom van kennis van goed en kwaad – ‘n mengsel van die goeie en die slegte. Om te eet van hierdie boom is die wortel van geestelike verwarring en misleiding. Om uit Babilon te kom is om terug te keer om versadig te word van die vrug van die Boom van Lewe, naamlik die suiwer leer van Torah soos dit in Yeshua, die vleesgeworde Torah, vervul is.

Ook vandag hoor ons die stem van die Afgesonderde Gees wat ons roep om uit geestelike Babilon te kom. Ons word geroep om soos ‘n ligtoring en ‘n brandwag te wees.

Ligtorings hardloop nie oor die eiland of land om te waarsku nie, maar staan stil en laat lig helder skyn.

Julle is lig vir die wêreld. ’n Dorp wat bo-op ’n berg gebou is, kan jy nie wegsteek nie.

Hulle steek nie 'n lamp op en sit dit onder 'n mandjie nie, maar op 'n staander sodat dit vir almal wat in die huis is, lig gee.
Laat julle lig op dieselfde manier skyn voor mense sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring. Matt. 5:14 en 16.

'n Brandwag bewaak die stad dag en nag en beweeg op die muur rond en maak luidkeels alarm indien gevaar kom.

Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. Eseg. 3:17

En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. Eseg. 33:7.

Vir diegene wat glo in YHVH, die God van Abraham, Isak en Jakob, is die opdrag om uit die Babilon van die Christendom en die Babilon van Rabbynse Judaïsme te kom. Beide hierdie groepe is besoedel met die afgodery van Babilon.

Ons moet in die Lig van die Waarheid wat die Weg is na die Lewe, naamlik Yeshua Messias, die basuin van waarkuwing blaas vir die misleiding van die Christendom en Rabbynse Judaïsme!

Talle in die Messiaanse Beweging is bewus van die afgodery en dwalinge van die Christendom, maar weier om die afgodery en ernstige misleiding van Rabbynse Judaïsme raak te sien! Daar is talle voorbeelde wat so ooglopend is dat 'n mens verstom staan dat dit nie raak gesien word nie. Die grootste misleiding van Judaïsme is dat hulle nie Yeshua as die Messias wat reeds gekom het, erken nie.

Maar daar is vele ander misleidings, soos byvoorbeeld om te gaan bid by die grafte van voorgeslagte en afgestorwe rabbies waar sekere rituele (*segulot*[2]) ook uitgevoer word wat dan bepaalde seëninge tot gevolg het. So word daar na die graf van Ragel gegaan, veral op die 11 Cheshvan[3] met *yahrtzeit Rochel Imeinu* (herdenking van die sterwe van Ragel die matriarg), om te bid dat sy voorspraak by YHVH sal maak vir kinderlose ouers, asook vir verskeie ander behoeftes.

Die volgende is komend van die webblad http://www.rashbi.org/page_e.php?id=99

> *For millennia, Jews have made pilgrimages to Rachel's Tomb, considered the third holiest shrine in the Land of Israel. The site has absorbed countless tears of barren women beseeching G-d in the merit of Mother Rachel, who herself had been barren for many years. Jews have poured out their hearts there, praying for everything from world redemption to a suitable marriage-partner.*
>
> *To this very day, men and women go to Rachel's Tomb to shed tears and beg "Mother Rachel" to intercede with G-d on their behalf -- for the health of a loved one or for Divine Intervention for those in need.*

[2] *Segulah* (also written *segula*; plural *segulot*) literally means a "remedy" or "protection" in Hebrew. In Judaism, a *segulah* is viewed as an action that will lead to a change in one's luck, fortune, or destiny. A list of popular *segulot can be viewed at https://en.wikipedia.org/wiki/Segula_%28Kabbalah%29#cite_note-11* .

[3] Hierdie voorbeeld word genoem omrede Chesvan die maand is waartydens parashah 3 gelees word.

Rachel, the childless woman who ultimately became the mother of the Jewish People, has become a special symbol of hope for childless women, and all those in need of special blessing -- teaching them the power of prayer.

Hundreds of requests are sent every month to "Kever Rachel" from Jews worldwide, requesting prayers to be said on behalf of the ill, the childless and those in need of a special blessing.

For thousands of years, Jews have unburdened their hearts to Rachel Imeinu - and had their prayers answered.

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die gebede by grafte en *segulot* anders as die Rooms Katolieke Kerk wat vir Moeder Maria bid om by God en 'Jesus' voorspraak te doen, asook die besoek aan die heilige plekke waar moeder Maria sogenaamd verskyn en wonderwerke plaasvind? Hierdie gebruik van Rabbynse Judaïsme is strydig met wat Torah ons leer, want in Deut. 18:11 is dit geskryf: *Daar mag niemand by jou gevind word wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.*

2. Gelowiges in die Messiaanse Beweging, en hulle leiers, wat so 'bekoor' is deur Rabbynse Judaïsme sal hierdie misleiding van gebede by grafte en *segulot* nooit bekend maak of veroordeel nie en daarom ook nie hulle volgelinge hierteen waarsku nie! Is jy bereid om in die lig van die Waarheid as brandwag die shofar van waarskuwing te blaas?

3. Daar is net een wat ons Middelaar is, en Sy Naam is Yeshua Messias! Geen mens, en veral nie 'n afgestorwene, kan ons middelaar wees nie

En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Open. 18:4

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.